

## TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: GRAAFF-REINET.....

Sinode: NG Kerk in Oos-Kaapland

### Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by [www.ngkok.co.za/eenheid](http://www.ngkok.co.za/eenheid). Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

### A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle

[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

Kerkraad

Wyke

Kleingroepe

Lidmate: byeenkoms

Lidmate: individueel

Ander: Spesiale aanddiens geleë deur Dr S. du Toit

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belhabelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

Ja

Nee

### B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

### Kerhereniging

Besluit: dat die volgende aanbevelings rakende Kerkhereniging vir die Sinodale kantoor aangestuur word:

1. Die kerkraad van N.G. Kerk Graaff-Reinet is positief oor die herenigingsproses, maar het ernstige kommer oor enkele sake:
  1. **Konfessionele basis**  
In hierdie stadium wil ons geensins die **Belydenis van Belhar** as belydenisskrif aanvaar nie.
  2. **Model**
    - \* Ons wil **Afrikaans** as taal bly gebruik
    - \* Ons wil binne die bekende en veilige ruimte van **ons eie kultuur** die Heer aanbid.
  3. **Versoening**  
Ons sou meer wou sien van **ander kerke** wat ook deel raak van die proses soos bv. Hervormde en Gereformeerde kerke om net twee te noem.
  4. **Naam van die nuwe kerkverband**  
Indien dit 'n "hereniging" genoem word, sal die naam die **Ned Geref Kerk** gebruik moet word (dis die naam waarvoor hierdie kerkraad graag wil kies) – dis immers kerke wat een was onder genoemde naam wat weer een word – anders is dit 'n verenigingsproses.